XHARIEP DISTRIK

# AFRIKAANS HUISTAAL

# GRAAD 12

# VRAESTEL 3

# JUNIE 2011

# MEMORANDUM

**AFDELING A: OPSTEL**

**Gebruik die rubrieke in Selfstudiegids vir taalonderwysers: bladsye 55 – 57 en Riglyne vir die opstel van grad 12-eksamenvraestelle: bladsye 10 - 12**

**1.1 VERHALENDE OPSTEL**

- ‘n Sterk oortuigende storielyn
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Dit gaan oor iets wat gebeur en vertel word.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- ‘n Treffende inleiding wat die leser boei.
- ‘n Verrassende slot
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**1.2 BESKRYWENDE OPSTEL**

- Fyn waarneming en ‘n uitgebreide woordeskat is gebruik.
- Al die sintuie word ingespan en die leerder gebruik sy/haar verbeelding.
- Beleef die reaksies van mense en beskryf dit in die fynste besonderhede.
- Beeldspraak word kwistig gebruik en die leerder teken met woorde.
- Realistiese beskrywings is op die werklikheid gerig.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**1.3 BEREDENERENDE OPSTEL**

- Dit gaan oor iets waar standpunt ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- ‘n Gevolgtrekking word bereik.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 1.4 BESPIEGELENDE OPSTEL

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word beskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink
- Verskillende sieninge word teen mekaar opgeweeg.
- ‘n Eie mening word gevorm (logies en sistematies)
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 1.5 FEITELIKE OPSTEL

- Feite word weergegee.
- Inligting moet logies en sistemies op mekaar volg.
- Ten spyte daarvan dat dit feite bevat, moet die inhoud aantreklik en interessant weergegee word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 1.6 VISUELE PRIKKELS

- Die prikkels leen hulle tot verskillende aanbiedings.
- Daar mag slegs oor EEN prikkel geskryf word.
- Riglyne vir verhalende, bespiegelende en beskrywende opstelle (Kyk 1.1 – 1.5)

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Afdeling B word volgens die rubriek uit 30 punte geassesseer.

**VRAAG 2**

**2.1 BRIEF AAND DIE PERS**

- Gepaste vorm
- Toonaard, register en styl is gepas.
- Die saak word duidelik gestel
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

- Gepaste vorm.
- Inhoud: Oorspronklik en kreatief, oortuigend.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.3 DIALOOG**

- Gepaste vorm
- Inhoud: Oorspronklik en kreatief oortuigend (hou humor in gedagte)
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en die format van die dialog moet aandag geniet.

**2.4 TOESPRAAK**

- Inhoud: Oorspronklik en kreatief
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Afdeling C word volgens die rubriek uit 20 punte geasseseer.

### 3.1 RESEP

- Inhoud volgens 'n beskrywing bv. bestanddele en metode (Let op die aanduiding van hoeveelhede (mates) met **korrekte afkortings.**
- Sinstruktuur, spelling, leestekens.
- Volsinne word gebruik wanneer 'n beskrywing gegee word.
- Die skryfstuk kan puntsgewys geskryf word.

### 3.2 PLAKKAAT

- Treffende opskrif.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik moet aandag geniet.
- Relevante inligting soos tyd, plek, koste kom voor.
- Geen punte word toegeken vir grafika nie. Slegs inligting.

### 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

- Sinstruktuur, spelling, leestekens en taalgebruik moet aandag geniet.
- Volsinne word gebruik.
- Relevante inligting word vereis.
- Werkwoordgebruik geniet aandag bv. *Draai links, ry reguit aan, … die pad swenk na regs.*

**TOTAAL VAN AFDELING C: 20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 100 PUNTE**